

18 Januarie

Skrifgedeelte: Lukas 7:18-35
Fokusgedeelte: Lukas 7:18-23

Waarom bevraagteken selfs gelowiges soms God se optrede?

In die isolasie van sy tronksel by Machaerus het Johannes die Doper skielik aan Jesus begin twyfel. Vir hom was die Messias die een wat moes kom met die Heilige Gees en met vuur en deur wie se optrede kaf en koring op dramatiese wyse van mekaar geskei moes word. Van hierdie krisis het Johannes egter niks gehoor nie. Hy het net verneem dat Jesus aan alle mense, sonder onderskeid, die evangelie bedien en selfs aan mense buite Israel goed doen. Waar was die oordeel? Waar was die vuur? En hoe kan dit gebeur dat die Messiaanse vrederyk aanbreek terwyl die wegbereider in die tronk sit?

Dit is die rede waarom Johannes twee van sy dissipels na Jesus stuur met die vraag: "Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?" In sy antwoord argumenteer Jesus nie met Johannes nie. Die twee dissipels moet gewoon vir hom gaan vertel wat hulle sien en hoor – en wat hy eintlik alreeds geweet het. Daarmee help Jesus net vir Johannes om te beseef dat Hy Messias **volgens die Skrifte** is, en dat die Messiaanse profesieë van Jesaja 35 en 61 in sy optrede in vervulling gaan. Die Messiaanse vrederyk was dus reeds 'n werklikheid vir elke mens wat met 'n geloofsoog na Jesus gekyk en met 'n geloofsoor na Hom geluister het. Die krisis was deeglik teenwoordig in Jesus se optrede, maar – anders as wat Johannes wou – het Jesus die wind van skeiding saggies en sonder ophef oor die dorsvloer laat waai. Hy het immers gekom om sondaars te verlos. Nie om hulle voortydig te veroordeel nie.

Net soos die geval was met die Doper, het ons "probleme" met die Godsbestuur gewoonlik net een oorsaak. Ons verwag van die Here (dikwels baie subtiel!) om by óns vooropgestelde idees in te val en daarom só te regeer dat ons geëer word, terwyl ons teëparty afgeransel word. Dank die Here dat **Hy is wat Hy is** en dat Hy Hom in sy volmaakte optrede teenoor geen mens hoef te verantwoord nie. Hy bly getrou aan Homself en aan sy Woord!

Sing: Skrifberyming 8:1,2

Ds JJ Cloete (Koster)